<u>SKOOL- EN ORDEREËLS</u> – elke leerling verbind hom/haar tot:

Opvoedkundig:

- Pligsgetroue skoolwerk en getroue skoolbywoning.
- Bywoning van die skoolprogram (kurrikulêr en buite-kurrikulêr).
- Bywoning van kursusse en aktiwiteite soos deur die hoof gereël.
- Oriëntering van nuwe leerlinge word deur die monitore gereël en hanteer nadat die program deur die hoof goedgekeur is, onder voogskap van die skool-veiligheidskomitee en monitor voogde.

Gedrag in die klaskamer

- Binne die klaskamer word van elke leerling verwag om orde te handhaaf sodat kwaliteit onderrig kan plaasvind.
- Leerlinge mag geen speelgoed soos bv. voëlrekke, klappers, waterpistole, muise, elektroniese speletjies, ens. saambring skool toe nie.
- Leerlinge moet in die klaskamer bly staan totdat hulle deur die onderwyser gesê word om te sit. Skooltasse mag nie op die tafels neergesit word nie.
- Leerlinge moet alle papiere, ens. wat om hulle banke gemors is, optel en in die snippermandjie gooi wanneer hulle die klas verlaat.
- Tafels en stoele moet in ordelike rye gelaat word.
- Daar mag onder geen omstandighede op die meubels en/of ander skooleiendom geskryf of gekrap word nie.
- Geen leerling mag tydens onderrigtyd sonder 'n toestemmingsidentifikasie buite 'n klaskamer wees nie.
- Geen leerling mag sonder toestemming sitplekke in 'n klas ruil nie.
- Daar mag nie gedurende onderrigtyd gesels word nie.
- Enige gedrag wat nie bydra tot 'n omgewing van leer en onderrig nie, is onaanvaarbaar.
- Leerders moet betyds vir klasse opdaag. Leerders moet drie (3) minute nadat die klok gelui het in die klas wees.

Gedrag op die terrein

- Geen gevryery of hande vashou op die skoolterrein of in skoolklere word toegelaat nie.
- Geen fisiese geweld onder leerlinge word toegelaat nie. Boeliery sal nie toegelaat geduld word nie.
- Leerlinge moet nie laks wees in hulle houding nie – teen mure of pilare leun of met hande in die broeksakke staan nie.

Gedrag van ons leerders teenoor onderwysers

- Onderwysers moet te alle tye met respek behandel word.
- Van leerlinge word verwag om hoflik en vriendelik te wees teenoor hulle onderwysers en hulle behoorlik te groet.
- Van leerlinge word verwag om gehoorsaam te wees en daaglikse opdragte en huiswerk volledig uit te voer.
- Van die leerlinge word verwag om hulle altyd ordentlik te gedra en so te sorg vir die goeie dissipline en orde van die skool.
- Van die leerlinge word verwag om in alle opsigte lojaal teenoor ons skool te wees.
- Daar sal nooit met minagting van ons skool, ons onderwysers, mede-leerlinge en die gedragskode gepraat word nie.

Gedrag van ons leerlinge teenoor ander leerlinge

- Ons kry almal die geleentheid om die senior leerlinge van ons skool te word, daarom word daar van die juniors verwag om die nodige respek en eerbied aan die senior leerlinge te betoon.
- Ons sien op na ons senior leerlinge om goeie orde, gees en tradisies van ons skool na te kom en uit te bou.
- Van alle leerlinge word verwag om mekaar onderling te ondersteun en aan te moedig op alle terreine van die skoollewe.
- Leerlinge moet vriendelik en beleefd teenoor mekaar wees.
- Leerlinge moet verdraagsaam wees teenoor mekaar, nie onnodig kwaad word of van mekaar kwaad praat nie.
- Leerlinge moet hulle uiterste bes doen in enige spanwerk, hetsy sport of andersins, om nie sy maats teleur te stel nie of die beeld van die skool te skaad nie.
- Leerlinge moet mekaar hoflik berispe as hulle verkeerd doen.
- Leerlinge moet hulself altyd en oral so gedra dat die goeie naam van ons skool hoog gehou sal word.
- Nuwe leerlinge word vriendelik ontvang en leerlinge moet hulle gou tuis laat voel.
- Geen vorm van boelie word toegelaat nie.

Optrede in die openbaar

- Ons optrede in die openbaar moet onberispelik wees, hetsy by 'n skoolaktiwiteit, tuis of elders.
- Ons word aan ons skooldrag geken en elkeen van ons is in skooldrag 'n advertensie van die skool en moet die skool se naam hoog hou. Wees hoflik en vriendelik teenoor almal. Groet beleefd. Wees nederig en op jou plek. Sorg dat daar net met lof van ons gedrag, optrede en kleredrag gepraat word.
- Indien 'n leerling hom nie in die openbaar kan gedra nie, is dit jou plig om hom dadelik te berispe en indien nodig, te rapporteer.

Opening van die skool – die skool begin dwarsdeur die jaar om 07:30.

Sluiting van die skool – die skool sluit daagliks om 14:15 behalwe Vrydae, wanneer die skool om 13:05 sluit.

Voorskool soggens

- Geen leerling mag voor skool in die klas wees nie, behalwe onder toesig van die onderwyser.
- Geen leerling mag laat kom vir skool nie. Laatkommers moet by die sekretaresse aanmeld om die relevante register in te vul en 'n toestemmingsbriefie te ontvang.
- Leerlinge wat gereeld laat kom, word by die hoof aangemeld, waarna hul ouers geskakel sal word.

Aantrede (Teerblad / Saal)

- Na aantrede word doodse stilte vereis sodat opening kan plaasvind. Na opening verdaag die leerders onmiddellik na hulle 1ste periode klasse. Op Vrydae gaan leerders direk na registerklaase en tree nie eers op die teerblad aan nie.
- Leerlinge tree in klasverband op die teer langs die saal aan. Seuns langs die dogters. Onderwysers is ook by die rye tussen die leerlinge.

Afkondigings

- Wanneer afkondigings oor die interkom gemaak word, moet alle leerlinge aandagtig luister. Daarna sal leerlinge toegelaat word om weg te pak.
- Alle afkondigings moet betyds in die afkondigingsboek geskryf word, ook vir pouses.

Afsluiting

- Tydens die afsluiting moet alle leerlinge met eerbied na die afsluitingsgebed luister. Monitore laat 'n pouse voor hulle begin bid.

Toegang tot die skool

- Toegang tot die skool mag slegs deur die hekke geskied. Geen leerling mag oor of deur enige heining of draad klim nie.
- By die hoofingang gebruik leerlinge slegs die klein hekkie, nie die motorhek nie.
- Reg van toegang word voorbehou en oortreders sal vervolg word.

Afwesigheid

- Leerlinge mag slegs weens siekte of om 'n ander goeie rede van die skool afwesig wees.
- 'n Leerling wat afwesig was, moet op die **eerste dag** wat hy weer die skool besoek 'n brief van sy ouers bring waar 'n **rede vir afwesigheid** aangedui word. Die brief moet gedurende die voogperiode aan die betrokke klasonderwyser gegee word.
- Sou 'n leerder vir 'n periode van drie (3) dae of langer afwesig wees, moet die afwesigheid gestaaf word deur 'n doktersbrief, of nota van die kliniek. Indien die leerder egter tydens 'n toets of eksamen afwesig is, sal slegs 'n doktersbrief aanvaar word.
- Die ouer moet op die dag van afwesigheid die skool telefonies in kennis stel.
- Leerlinge wat tydens 'n **toets** of **eksamen** afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat inhandig, anders kry hy/sy **nul** vir die toets of eksamen. Dit bly die verantwoordelikheid van die leerder om te verseker dat die betrokke onderwyser 'n afskrif van die mediese sertifikaat kry en om 'n nuwe datum van die onderwyser te kry om die toets te herskryf. Dit moet die eerste dag wat die leerling terug is by die skool, gebeur.
- Indien 'n leerling 'n spesialis, dokter of tandarts in skoolure moet besoek, moet skriftelike kennisgewing **minstens twee dae voor die afspraak geskied**. Die leerling is verantwoordelik om die handtekening van al sy/haar onderwysers te kry sodat hulle daarvan kan kennis neem. **Dit word nogtans verkies dat afsprake na skoolure gemaak sal word.**
- Die volgende dag na 'n skoolfunksie, moet alle leerlinge by die skool wees. Indien 'n leerling afwesig is sonder 'n geldige mediese rede, word die leerling aangekla van stokkiesdraai.
- Indien 'n leerling afwesig is op 'n dag wat 'n assessering ingehandig moet word, moet die ouer/voog of ander party die taak skool toe bring. Indien dit nie gebeur nie, sal die leerling gepenaliseer word.
- Na 'n afwesigheid van meer as 10 agtereenvolgende skooldae, word die leerling se naam deurgegee aan die graadhoof en indien ernstig genoeg, moet 'n afspraak met die hoof of adjunkhoof gemaak word om te bepaal of die kind eksamen mag skryf of gederegistreer word.
- Leerders mag slegs die skoolterrein verlaat nadat hulle deur die ouers/voogde by die kantoor uitgeteken is, indien die ouers/voogde vooraf skriftelike toestemming gee, hetsy per faks, e-pos of SMS.

- Indien 'n leerder se afwesighede buite beheer is, sal hy/sy aan die graadhoof gerapporteer word vir ondersoek en rapportering aan die Departement van Onderwys en welsynsdienste.

Terrein verlaat tydens skoolure

- Niemand mag die skoolterrein sonder **skriftelike toestemming** verlaat nie.
- Afhaal van leerlinge sal verkieslik aan die **einde van 'n periode** geskied en slegs deur die leerling se ouer. Geen inbreuk sal op akademiese tyd gemaak word nie.
- Leerlinge moet minstens tot **elf-uur** by die skool wees, anders word die leerling afwesig gemerk.
- Leerlinge wat siek word of beseer is, moet by die kantoor aanmeld. Indien die ouers gekontak moet word, sal dit deur 'n administratiewe personeellid gedoen word. Geen leerling mag self huis toe bel en sê dat hy/sy siek is nie. Indien dit gebeur, word die selfoonprosedure gevolg.
- Indien 'n leerling weet dat hy/sy vroeër gehaal gaan word, moet 'n uittekenbrief **van die kantoor** ontvang word. Leerling moet al die nodige handtekeninge kry.
- Sodra die leerling die skoolterrein verlaat, word die uittekenbrief by die algemene kantoor ingehandig.

Klaswisseling

- Gedurende klaswisseling, beweeg flink in rye na die volgende klas.
- Niemand mag tydens klaswisseling die kleedkamers besoek nie behalwe met toestemming van die volgende klas se onderwyser.
- Wag by die volgende klas totdat die onderwyser die klas toelaat om in die klas te mag gaan.
- Tydens klaswisseling sal geen uitbundige lawaai/singery geduld word nie.
- Hou links op die stoepe.

Pouse

- Geen ongemagtigde gebruik van brandblussers en brandslange word toegelaat nie.
- Geen rowwe speletjies mag gespeel word nie.
- Groter leerlinge mag nie in die spel van jonger leerlinge inmeng of hulle pla nie.
- Geen vuil taal word geduld nie. Om te vloek is 'n onaanvaarbare gewoonte.
- Geen klippe of klonte mag gegooi word nie.
- Niemand mag sonder verlof van die hoof of gedelegeerde, die terrein verlaat nie.
- Geen geboelie/intimidasie of weerhouding van leerlinge tot die kleedkamers word toegelaat nie.
- Leerlinge mag nie handeldryf op die skoolterrein nie.
- Geen dobbelary word op die skoolterrein toegelaat nie.
- Geen graad 8 tot 12-leerder word op die laerskoolterrein toegelaat nie.

Rook

- Rook op die skoolterrein of in die toilette is verbode (die skoolterrein word deur die staat as 'n openbare terrein beskou).
- Die dra en/of rook van sigarette/**e-sigarette** is verbode.
- Rook in skooldrag is te alle tye verbode, binne en buite die skoolterrein.
- 'n Boete vir rook kan opgelê word volgens die Wet op Beheer van Tabakprodukte, 1999.

Tasse

- Indien die kind se tas van so 'n aard is dat dit boeke beskadig, moet die ouer die onkoste dra om die beskadigde boeke te vervang.
- Tasse moet voldoende ruimte bied sodat handboeke en skrifte soos benodig, gerieflik ingepak kan word en ook voldoende beskerming kan ontvang.
- Die tas moet ook netjies wees en mag nie afbreuk doen aan 'n leerling se voorkoms nie.
- Slegs die naam van die leerling is op die tas toelaatbaar, niks meer nie. Geen gekrap, tekens of slagspreuke mag op tasse aangebring word nie.

Handboeke

- Verlore boeke moet by die kantoor betaal en die kwitansie aan die relevante vakonderwyser getoon word.
- Alle handboeke wat aan leerders uitgereik word, word met 'n goeie plastiese oortreksel voorsien en die leerling se naam moet ook jaarliks netjies ingevul word.
- Geen nuwe handboeke word uitgereik indien verlore handboekfooie nie betaal is nie.
- Handboeke mag nie by die skool gelaat word nie.

Huiswerk

- 'n Dagboek/huiswerkboek moet elke dag in elke klas by die leerling wees.
- Die leerling kry die geleentheid om te leer om selfstandig te werk.
- Dit is nie beperk tot skriftelike werk nie.
- Studie- en leerwerk is net so belangrik.
- 'n Pligsgetroue leerling sal nooit kan beweer dat hy geen huiswerk het nie.
- Werk wat in die klas gedoen is, moet by die huis nagegaan word om seker te maak dat die leerling dit verstaan en ken.
- Alle huiswerk moet neergeskryf word in die voorgeskrewe dagboek by die datum wanneer dit gereed moet wees.
- Leerders word aangeraai om wyer te lees as hul handboeke.

Eet in klasse

- Geen leerling mag in klasse **eet of drink** nie.
- Geen energiedrankies met 'n hoë kafeïeninhoud word toegelaat nie.

Kleedkamers

- Slegs in uiterste gevalle moet leerlinge toestemming vra om die klas te verlaat.
- Besoek aan kleedkamers tydens lestyd, slegs in uitsonderlike gevalle.
- Kleedkamers moet netjies en skoon gehou word.
- Daar mag nie in die kleedkamers gespeel word nie.
- Slegs een leerling op 'n keer uit dieselfde klas mag die kleedkamers besoek tydens klastye, indien werklik nodig.
- Geen gerokery in kleedkamers nie. Rook is verbode in die skool, geboue of op die terrein.

Kougom

- Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.
- Geen kougomkouery mag plaasvind terwyl die leerling in sy/haar skooldrag of sportdrag geklee is nie.

Ontgroening

- Geen ontgroening mag op die skoolterrein plaasvind nie.
- 'n Oriënteringsprogram vir graad 8-leerlinge word deur die monitore en monitorvoogde bestuur, goedgekeur deur die hoof.
- Geen leerling mag op die skoolterrein beledig of verneder word nie.

Rapporte

- Aan die einde van die eerste kwartaal word 'n vorderingsverslag (wat bestaan uit die mini-eksamens en SBA-punte tot op datum) uitgegee.
- Aan die begin van die derde kwartaal word die Junie-eksamen verslag gegee.
- Die finale rapport (wat promosie aandui) word op die laaste skooldag van die vierde kwartaal uitgegee.

Skeurstrokies - Omsendbriewe

- Alle skeurstrokies moet die volgende dag by die voogonderwyser ingehandig word.
- Skeurstrokies moet deur die ouer geteken wees.

Skoolterrein

- Gedurende voorskool en pouses word die leerlinge nie in die klaskamers, stoep, saal of op verbode terrein soos voorgeskryf, sonder toestemming van 'n onderwyser toegelaat nie.
- Elke leerling is mede-verantwoordelik om die klaskamers, kleedkamers, stoepe en terrein netjies en skoon te hou. Vullisblikke is ook beskikbaar.
- Die gebou, meubels en apparaat moet opgepas word en met die nodige respek behandel word.
- Elke leerling is vir sy persoonlike eiendom verantwoordelik. Die skool dra geen verantwoordelikheid vir enige verlore eiendom nie.
- Verlore artikels moet by die mediasentrum ingehandig word.

- Indien ‘n leerder iets verloor het, kan hy navraag by die mediasentrum doen.

Ontvangsportaal en administratiewe gebou

- Geen leerling mag die ontvangsportaal as ‘n deurgang gebruik nie.
- Leerlinge beweeg slegs deur die ingangsportaal as hulle die sekretaresses wil gaan spreek.
- Leerlinge moet hulle rustig hou en kalm gedra en wag totdat hulle gehelp word.
- Geen leerling mag in die die ontvangsportaal staan en wag vir hulle vriende nie.

Personeelkamer en kombuis

- Geen leerling word in die personeelkamer toegelaat nie.
- Geen leerling word toegelaat om vir ‘n onderwyser koffie/tee te maak nie.

Breekskade en kwaadwillige beskadiging

- Geen skade aan of kwaadwillige beskadiging van privaat eiendom of skooleiendom word toegelaat nie.
- Enige voorvalle moet onmiddellik by die hoof gerapporteer word.
- Leerlinge is verantwoordelik vir die herstel en vergoeding van skade.
- Leerlinge wat hulle hieraan skuldig maak, kan verwag om krimineel aangekla te word asook om dissiplinêr verhoor te word, afhangende van die intensiteit van die vandalisme.

Elektriese installasies

- Geen leerling mag met skakelborde, elektriese toestelle of elektriese installasies peuter nie.

Motors

- Slegs leerlinge met lisensies mag hulle motors of motorfietse op die terrein parkeer, soos met die hoof ooreengekom.
- Geen leerling mag voor die administrasieblok of saal parkeer nie.
- Leerders wat met hul motors skool toe kom, moet hul sleutels daagliks by die kantoor inhandig.

Vloek en vuil taal

- Om te vloek is ‘n uiters swak gewoonte.
- GEEN vuil taal of gevloek word op die terrein toegelaat nie. Leerlinge is ambassadeurs van die skool en hul gedrag moet sprekend wees van hulle opvoeding.

Naamskending/Verkleinering

- Geen bespotting van mede-leerlinge word toegelaat nie.
- Geen afbrekende byname mag aan enige persoon toegeken word nie.
- Geen rassistiese opmerkings of name is toelaatbaar nie.

- Volgens die bepalings van die onderwysbeleid is enige vorm van teistering, bv. vloek, skeldname noem, afdreiging, onaanvaarbare opmerkings, rassistiese aanmerkings, seksuele voorstelle, ens. verbode.

Selfone, radio's of speelgoed in klas

- Geen selfone, radio's, CD- en MP3-spelers, oorfone, selfoonhorlosies of speelgoed mag deur 'n leerling op die skoolterrein gebruik word nie.
- Indien 'n leerling hieraan skuldig bevind word, sal die bogenoemde item vir 'n periode van twee (2) maande gekonfiskeer word, of die leerling moet 'n boete van R100 betaal om dit dieselfde dag terug te kry.
- Selfone mag slegs in uiterste noodgevalle gebruik word **met** die toestemming van die onderwyser.

ID-kaarte

- 'n Leerder moet te alle tye 'n ID-kaart aan sy/haar hempskraag dra.
- Die ID-kaart moet so gedra word dat die leerder se naam en foto sigbaar is.
- Indien 'n ID-kaart tuis vergeet is, moet 'n tydelike kaart teen R5 by die kantoor aangekoop word, en aan die hempskraag vasgespeld word. Hierdie tydelike ID-kaart is vir slegs EEN dag geldig.
- Indien 'n ID-kaart verloor is, moet 'n nuwe kaart dadelik bestel en betaal word. Die kwitansie dien as 'n tydelike ID-kaart en moet altyd op versoek getoon kan word. 'n Tydelike kaart van R5 is dan nie nodig nie.
- Indien die kwitansie verloor word, kan die kwitansienommer teen 'n fooi van R2 verkry word.

Kriminele oortredings

Die skool is 'n plek van veiligheid waar die wette met betrekking tot openbare plekke van toepassing is.

- Geen gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmmiddels, soos in die SA Skolewet of die Veiligheidsregulasies vervat, mag na die skoolterrein gebring word en/of op die skoolterrein gebruik word nie, tensy deur die skoolhoof goedgekeur vir opvoedkundige doeleindes. Gevaarlike voorwerpe sluit messe, vuurwapens of enige items wat iemand kan beseer, in.
- Alkohol word nie op die skoolterrein en/of gedurende skoolaktiwiteite toegelaat nie.
- Die dra en/of gebruik van onwettige chemiese middels en dwelms is verbode.
- Indien 'n leerder in besit is van voorskrifmedisyne, moet die leerder 'n afskrif van die dokter se voorskrif te alle tye saam met hom dra.
- Die gebruik en/of besit van en/of onder die invloed wees van dwelmmiddels en alkoholiese drank op die skoolterrein is verbode.
- Geen leerling mag buite die skoolterrein drink en/of dwelms gebruik en dan die skoolgronde betree nie.
- Enige vorm van vandalisme word as 'n ernstige misdaad en oortreding beskou.

- Diefstal van enige aard is 'n kriminele daad en sal sodanig hanteer word.
- Die gooi of skiet van voorwerpe is verbode.
- Geen intimidasie, afdreiging, rassisme of geweld sal geduld word nie.

Pornografiese en ander erotiese materiaal

- Geen pornografiese of ander erotiese materiaal mag na die skoolterrein gebring word nie, ook nie op selfone nie.
- Enige oortreding van dié reël sal streng hanteer word.

Sportdeelname

- Dit is elke leerling se plig om eerstens vir sy skool deel te neem en daarna vir buite instansies.
- Leerlinge moet betyds wees vir sportoefeninge.
- Die korrekte sportdrag word ook by sportgeleenthede vereis, soos deur die afrigter en skool goedgekeur en gereël.
- Leerlinge met 'n sekere hoeveelheid demerietes mag geweier word om aan oefeninge of wedstryde deel te neem. Erekleure/ander toekennings kan ontneem word weens volgehoue swak gedrag.

BEMAGTIGING VAN PERSONEEL

Elke personeellid is bemagtig om 'n leerling wat steurend, ontwrigtend en tydverkwistend optree of versuim om huiswerk/klaswerk te voltooi, te hanteer op een van die volgende wyses soos wat hy/sy oordeel:

- Waarskuwing
- Demerietes toeken en aanteken in kontroleboek.
- Rapportering aan die betrokke voog of hoof vir hantering.
- Leerling uit sy/haar klas uit te sluit totdat versuim/oortreding reggestel is, of 'n onderneming deur die leerling gegee word om sy/haar gesindheid te wysig. Hierdie tydelike uitsluiting moet aangeteken word.
- Ouers moet in kennis gestel word.

Verbeuring van toekenning

- Pryse kan verbeur word indien die leerling afwesig is sonder 'n geldige/wettige verskoning tydens die toekennings-geleentheid.
- Erekleure of ander toekennings kan ontneem word weens swak gedrag. Dit is 'n voorreg en nie 'n reg nie.

ALGEMENE GEDRAG EN PROSES VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR

- Hierdie stelsel erken die leerlinge se verantwoordelikheid teenoor hulself, hulle mede-leerlinge en hulle onderwysers.
- Daar word gepoog om 'n atmosfeer van werk en leer te vestig en 'n versteuring daarvan sal nie geduld word nie.
- Die ouer/voog aanvaar saam met die skool verantwoordelikheid vir die toepassing van strawwe, indien 'n leerling oortredings begaan het.
- Elke situasie word op eie meriete hanteer.
- Hulpverlening aan leerlinge word vooropgestel.
- Uitsluiting is dadelik, ongeag toetse en buitemuurse aktiwiteite.
- Ouers/voogde sal altyd ingelig word ten opsigte van 'n volgende oortreding en straf, hetsy per SMS of tydens 'n dissiplinêre verhoor.
- Hantering:
  - Oortredings word volgens die gedragskodestelsel aangeteken.
  - Alle probleme word deur die graadvoog hanteer wat, indien nodig, dit na die hoof verwys.
  - Alle tydelike skorsings moet deur die hoof bekragtig word.
  - Leerlinge wat tydelik geskors is, word afwesig gemerk. By tydelike skorsing of skorsing hangende finale uitsetting, verbeur sodanige kandidaat die geleentheid tot eksamens, toetse, portefeuljes, sy monitorskap en om aan sosiale aktiwiteite deel te neem.
  - Onderwysers is onder geen verpligting om leerlinge wat tydelik geskors is, buite skoolure te onderrig nie.
  - Hierdie stelsel funksioneer binne die bepalings van die Skolewet.

SKOOLDRAG - HOËRSKOOL

Akkommodasie van godsdienstige of kulturele regte

Geloofspraktyke, optrede of verpligtinge met betrekking tot die kernwaardes en oortuigings van 'n erkende geloof en wat teenstrydig is met enige reël soos in hierdie Gedragskode vervat, sal deur die beheerliggaam geakkommodeer word deur middel van 'n goedgekeurde afwyking.

- Die leerder, bygestaan deur die ouer, moet aansoek doen vir 'n afwyking van die standaard skoolreëls indien sodanige reëls teenstrydig is of inbreuk maak op enige godsdienstige reg van die leerder.
- Hierdie aansoek moet op skrif gestel word en moet die spesifieke reël(s) spesifiseer wat vir die leerder se godsdienstige regte aanstootlik is, soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

- Hierdie aansoek moet 'n redelike interpretasie van die reël bevat wat die leerder voel aanstootlik is, en 'n voorstel oor hoe die reëls deur die Beheerliggaam/skoolraad aangevul kan word om sulke godsdienstige regte te akkommodeer.
- Die leerder moet bewys lewer dat hy/sy tot die spesifieke geloof behoort en dat die godsdienstige praktyke, reëls en verpligtinge wat met die skool se Gedragskode bots, sy/haar opregte oortuigings en verpligtinge is.
- Die godsdienstige optrede of praktyke moet wettig wees.
- Die Beheerliggaam moet die aansoek oorweeg, en indien tevrede dat die aansoek regverdig is in terme van Grondwetlike beginsels, sal die aansoek binne 14 dae skriftelik toegestaan word.
- Wanneer die Beheerliggaam afwykings van die standaard skoolreëls toestaan, moet sulke afwykings op kern godsdienstige oortuigings inherent tot die geloof gebaseer wees, en moet dit vir die leerder verpligtend wees om aan sulke oortuigings te voldoen.
- Die afwyking moet die uitsondering van die standaard skoolreël(s) spesifiseer en moet duidelik die aangepaste toegelate gedrag aandui – bv. die dra van 'n kopdoek, insluitend kleure en detail van ontwerp; die groei van 'n baard; of die dra van 'n spesifieke haarstyl of juweliersware – en die voorwaardes waarop sulke afwykings op die leerder van toepassing sal wees.
- Kulturele regte sal in oorweging geneem word indien dit nie met 'n geloofsoortuiging verband hou nie, en sodanige kulturele reg van 'n permanente, openbare aard is wat verpligtend vir die kulturele groep is. Dit verwys na gevalle waar die verwydering van die kulturele juweliersware of merk beduidende pyn vir die leerder sal veroorsaak. Gewoonlik word kulturele regte uitgeoefen deur merke en uitdrukkings van tydelike aard wat vir 'n spesifieke kulturele geleentheid geregverdig kan word. Die leerder moet die Beheerliggaam kan oortuig dat sy/haar kulturele regte slegs deur 'n permanent ingryping uitgeoefen kan word.
- Enige versoek vir 'n afwyking van die Gedragskode gebaseer op kulturele regte moet op skrif ingedien word, en moet op 'n soortgelyke basis hanteer word soos in subparagrawe 1 tot 8 hierbo vervat.

<u>KLEREDRAG EN VOORKOMS – MEISIES</u> – Daaglikse inspeksie kan plaasvind.
Skooldrag – Wintersdrag

Die amptelike skooldrag is beskikbaar by Trevor Smith en Moolas. Indien dit van 'n ander instansie gekoop word, mag die snit nie van die amptelike skooldrag verskil nie.

- Opsie 1:
  - Wit langmou stywe kraag (daskraag) skoolhemp en skoolromp.
  - Navy "bobby socks". Dik swart sykouse slegs vir matrieks. Skooldas (boonste knoop vas).

    - Skooltrui, oortrektrui, skoolbaadjie word toegelaat. Geen drimac of sportbaadjie nie.
    - Skoolserp opsioneel. Geen ander serp word toegelaat nie.

- Opsie 2:
    - Wit langmou stywe kraag skoolhemp en skooldas (boonste knoop vas).
    - Grys dameslangbroek en grys "bobby socks".
    - Skooltrui of oortrektrui, skoolbaadjie. Geen drimac nie.
    - Skoolserp opsioneel.

Skooldrag – Somersdrag

- Wit kortmou oopslaan skoolhemp en skoolromp.
- Skooltrui, oortrektrui of skoolbaadjie. Geen drimac nie.
- Kort wit kouse.

Algemeen

- Wintersuniform word vanaf Mei tot Augustus gedra.
- Somersuniform word vanaf September tot April gedra.
- Langmouhemde mag nie in die somer gedra word nie.
- Langmouhemde se moue mag nie opgerol word nie.
- Hemde onder skoolhemp mag slegs wit wees, met geen skrif of motief daarop nie.
- Truie en baadjies se moue mag nie teen die arms opgestoot word nie.
- Skoolromp mag nie nouer gemaak word nie.
- Romplengte van dogters moet (vanaf band tot soom) nie korter as 45 cm wees nie. Geen rompe mag opgerol word nie.
- Skoene: Swart, toeryg, poleerbare skoolskoene of "baby doll"-tipe skoene.
- Onderklere mag nie sigbaar wees nie, dus geen helder kleure nie.
- Ander offisiële skool-of provinsiale baadjies mag slegs op Woensdae gedra word.
- Broek moet korrekte lengte wees en nie vernou, rafelrig of te kort/lank wees nie.
- Broek moet hoog genoeg om heupe wees, sodat onderklere nie uitsteek nie.
- Oortrektrui mag nie bo-oor skooldrui gedra word nie.
- "Bobby socks" mag nie onder sykouse gedra word nie.
- Provinsiale of nasionale kleure mag slegs op Woensdae gedra word.

Hare

- Geen uitspattige style of modegrille word toegelaat nie.
- Dagbestuur besluit of 'n haarstyl geskik is vir skooldrag.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Reguit hare – een poniestert agter die kop vasgemaak.
- "Braids" – slegs "braid" van voor tot agter, 5 mm in dikte, geen krale aan die punte van die "braids" nie.
- Geen "Rasta"-verlengings.
- Eie hare – nie opgevryf nie, slegs smal "alice band" toegelaat.

- Slegs haarrekkies mag vir poniesterte gebruik word.
- Hare mag nie oor die gesig hang nie (slegs 'n kuif).
- Hare mag tot op die kraag hang. Indien dit laer as die kraag hang moet dit vasgebind word.
- Hare moet weg van die gesig gehou word met haarband of knippies, en mag nie net agter die ore ingehaak word nie.
- Poniesterte – een of twee netjiese poniesterte, een of twee vlegsels.
- As hare gejel word, mag dit nie 'n "deurmekaar" indruk skep of punte maak nie.
- Hare mag nie in slierte langs die gesig hang nie.
- Hare moet elke dag skoon en netjies vertoon.
- Enige verlengings wat 'n dogter in haar hare sit, moet dieselfde kleur as haar natuurlike haarkleur wees.
- Geweefde hare moet steeds teen die kop vasgemaak wees.
- Die funksie van 'n haarband (kopband) is om die hare uit die oë te hou; dit is nie 'n modegier nie.
- Slegs swart, blou, wit haarbande, sonder blomme/aanhangsels, word toegelaat.

Haarbykomstighede

- Haarbande mag slegs in amptelike skoolkleure wees – donkerblou, blou, wit of geel.
- Knippies mag silwer, bruin, donker (navy) blou wees.
- Rekkies moet in amptelike skoolkleure wees. Geen ander kleure word toegelaat nie.
- Geen gekleurde mode-haarversierings of blomme word toegelaat nie.

Algemeen

- Kuif mag nie laer as die wenkbroue wees nie.
- Geen uitgedunde stertjies/vere agter in die nek of by die ore is toelaatbaar nie.
- Die hare mag nêrens toiingrig, punterig of in slierte hang nie.
- As dit nodig is om hare agter die ore te sit, moet dit vasgemaak of gesny word.
- Nagemaakte haarinsetsels in natuurlike haarkleur, slegs vir dogters, moet natuurlik lyk. Dieselfde reëls geld vir die vasmaak daarvan.
- Hare moet altyd skoon en netjies wees.

Informele Vrydagdrag

'n Skooltrui of sweetpakbaadjie mag op Vrydae gedra word.

Dogters: Blou t-hemp met of

- denim romp
- denim kniebroek/ ¾ broek of
- denim langbroek
- geen modedenims mag gedra word nie, d.w.s. stukkend, geborduur, ens.

met wit, blou, navy of swart "pumps" of sandale, of tekkies in neutrale kleure. Geen ander helder kleure word toegelaat nie.
Seuns: Blou t-hemp met of:

- denim kniebroek
- denim langbroek

met wit, blou, navy of swart tekkies. Geen ander kleure word toegelaat nie.

Grimering

- Geen grimering mag gedra word nie.

Civvies

- Algemene skoolreëls geld ook vir civviedae en leerders sal vir onvanpaste kleredrag huis toe gestuur word.

Juwele – Dogters

- Oorbelle
  - Slegs ringetjies (sleepers) of knoppie-oorbelle mag gedra word. (Die ringetjies mag nie groter as die nuwe 20c-muntstuk wees nie, ook geen patrone hê nie, en daar mag niks aan hang nie.)
  - Die knoppie-oorbelle mag nie groter as 3 mm wees nie, slegs goud of silwer met geen stene nie.
  - Slegs een oorbel in elke oor moet in die onderste gaatjie gedra word.
- Ander juwele
  - Geen neus-, wenkbrou-, lip- of tongringe mag skool toe gedra word nie.
  - Slegs hangertjies vir mediese doeleindes mag gedra word.
  - Geen armband, behalwe vir mediese doeleindes nie (ingesluit WWJD/koperbande of "reach for a dream"-bandjies.)
  - Geen toegeplakte gaatjies of gaatjies met tydelike 'stoppertjies' sal toegelaat word nie.
  - Horlosie moet 'n gewone horlosie wees sonder krale, "charms" of bandjies en mag slegs om die arm gedra word, en in toepaslike kleur.

Naels

- Mag glad nie oor die vingerpunte steek nie en die wit mag nie langer as 2 mm wees nie.
- Mag net deurskynende naellak dra. GEEN ander kleure nie.
- Geen kunsnaels mag gedra word nie.
- Geen "French manicures" word toegelaat nie.

KLEREDRAG EN VOORKOMS – SEUNS

Skooldrag – Wintersdrag

- Wit langmou, stywe kraag (met boonste knoop vas) hemp en skooldas.
- Skooltrui of oortrektrui, skoolbaadjie. Geen drimac nie.
- Grys langbroek met grys of swart gordel.
- Slegs grys skoolkouse mag gedra word.
- Skoolserp opsioneel. Geen ander serpe word toegelaat nie.

Skooldrag – Somersdrag

- Wit kortmou, oopslaan skoolhemp.
- Grys langbroek of –kortbroek met grys of swart gordel.
- Lang, grys kouse met kortbroek of andersins grys skoolkouse met langbroek.
- Skooltrui, oortrektrui, skoolbaadjie (blazer) word toegelaat. Geen drimac/ sportsbaadjie.

Algemeen

- Wintersuniform word vanaf Mei tot Augustus gedra.
- Somersuniform word vanaf September tot April gedra.
- Langmou hemde mag nie in die somer gedra word nie.
- Skoene: swart, toeryg, poleerbare skoolskoene. Geen "slip on"/aanglip skoene nie.
- Ander offisiële skool- of provinsiale baadjies mag slegs op Woensdae gedra word.
- Broek moet korrekte lengte wees en nie vernou, rafelrig of te kort/lank wees nie.
- Broek moet hoog genoeg om heupe wees sodat onderklere nie uitsteek nie.
- Hemde onder skoolhemp mag slegs wit wees, met geen skrif of motief daarop nie. Die hemp mag ook nie uitsteek nie.
- Hemde moet altyd ingesteek wees.
- Skoene en gordel se gespes moet klein en onopsigtelik en nie groot en bonkig wees nie.
- Oortrektrui mag nie bo-oor skooltrui gedra word nie.

Hare

- Hare moet netjies gesny en goed versorg word.
- Hare mag nie aan ore raak of agter ore ingekam word nie.
- Geen wangbaarde langer as die helfte van die oor of snor nie.
- Geen lang kuiwe wat oor oë hang of aan wenkbroue raak nie.
- Maksimum haarlengte 5 cm – mag nie op kraag lê nie. Moet ook uitgedun wees.
- Hare moet natuurlike kleur wees.
- Geen jel word toegelaat nie.
- Geen walle ("steps") mag in hare gesny word nie.
- Geen "dreadlocks" of uitspattige haarstyle nie. Hare mag gestileer word maar mag nie lank wees nie. Seuns mag geen "braids" dra nie.

Voorkoms

- Leerders moet glad geskeer wees.

Naels

- Naels moet kort en netjies wees.

Juwele

- GEEN juwele – (horlosies uitgesluit) insluitend ringe, oorringetjies, hangertjies, armbandjies, wenkbrou-, neus-, tong- of lipringe nie.
- Slegs hangertjies vir mediese doeleindes mag gedra word.
- Geen armband, behalwe vir mediese doeleindes (insluitend WWJD/koperbande of "reach for a dream"-bandjies).
- Geen toegeplakte gaatjies of gaatjies met tydelike 'stoppertjies' sal toegelaat word nie.

Netheidskontrole

- Netheidskontrole vind lukraak plaas en word deur personeel, soos deur die hoof aangewys, hanteer.

Algemeen

- Ander offisiële skool, provinsiale of nasionale kleure mag slegs op Woensdae gedra word.
- Matriekbaadjies mag nie op Maandae en Woensdae gedra word nie.
- Tatoeëring is nie toelaatbaar nie.

LO-drag

- Tydens LO-prakties moet die voorgeskrewe LO-drag gedra word. Dit is slegs by Trevor Smith beskikbaar. In die winter mag leerlinge die skoolsweetpak dra.
- Slegs tekkies of kaalvoet is aanvaarbaar.

LEERLINGGEDRAG

- Geen leerling mag gedurende pouse in die klaskamers sonder toesig wees nie.
- Klipgooiery, natgooiery, rowwe speletjies en bakleiery word verbied.
- Rook, alkoholiese drank, gewoontevormende middels en onaanvaarbare seksuele gedrag word verbied.
- Skoolterrein, geboue en toerusting moet met sorgsaamheid benut word.
- Rommelstrooi op die terrein en in die gebou is verbode.
- Motorfietse mag slegs op voorgeskrewe plekke parkeer, en op eie risiko.
- Geen hande vashou as leerling in uniform is nie.
- Geen groet deur mekaar onvanpaslik te druk nie.
- Daar word verwag dat leerlinge te alle tye die skool se etos sal uitleef.

- Behalwe bostaande algemene skoolreëls, bestaan daar ook orde-reëls wat toegepas word vir die handhawing van goeie dissipline, orde en om die skool se totale werking en funksionering te rig.

SPORTDRAG

- Soos deur die afrigters bepaal.
- Hoërskoolleerders mag ook 'n voorgeskrewe sweetpakbaadjie (beskikbaar by Trevor Smith) dra, maar nie hul formele baadjie nie.

DWELMS EN STIMULANTE

- Dwelmtoetse mag enige tyd plaasvind indien die vermoede bestaan dat dit in 'n leerling se besit is of deur 'n leerling gebruik word.
- Indien 'n leerling positief sou toets, sal die koste van die toets van die ouer verhaal word.
- Indien 'n leerling positief toets, sal die leerling 'n rehabilitasieprogram deur 'n erkende rehabilitasiesentrum moet volg.
- Geen stimulante mag vir sport gebruik word nie.

DEURSOEKING

- Indien daar 'n vermoede bestaan dat 'n leerling in besit is van enige verbode middel, item of wapen, kan daar van hom/haar verwag word om sy/haar besittings uit te pak vir besigtiging.